Kraggakamma Gemeente

Kuberkamma

1 Desember 2019

Psalm 100:4 (NLV)

"Gaan Sy poorte in met dankliedere, sy hofsaal met lofgesange. Dank Hom en prys Sy Naam."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? **Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.**

Program vir die Dag

09h00 Eietydse Diens
Die deurdankoffer gaan vir **Arbeidsbedieninge**

Program vir die vakansie

1 Desember – 12 Januarie	09h00	Die Sondag eredienste vind elke Sondag om 09h00 in die kerkgebou plaas
25 Desember	09h00	Kersdiens
27 Desember – 3 Januarie		Kerkkantoor is gesluit
31 Desember	18h30	Oujaarsdiens

Die kommunikamma is van Saterdae op die webwerf beskikbaar.

Nuusbrokkies

Sake vir gebed

Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge:
Hierdie week se **gebedsversoek** is vir Christene in Oman:
Loof en prys die Here vir nuwe gelowiges in Oman en bid saam sodat hulle met vrymoedigheid as Sy kinders kan lewe.

Foto

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

1 Desember	Meizie Cloete, Heine Coetzer, Trudie Engelbrecht, Jan Loftie-Eaton, Raoul Meiring, Yvonne Moore, Elsa Oosthuizen en Dewald Pretorius
2 Desember	Nickey de Swardt
3 Desember	Jan van Heerden
4 Desember	Sam Herman, Quentin Kapp, Heleen Lombard, Christo Nortjé, Linke Reed en Anneli van Heerden
5 Desember	Bianca Burger
6 Desember	Pieter de Wit, Marie Meyer, Dawie Nelle, Ben Notnagel en Leandri van Ryneveld
7 Desember	Chistian Snyman

Padkos

Voel beter. Dink beter. Besluit beter.

Het jy al jou lewe en jou besluite opgegradeer tot morele keuses in die Here se teenwoordigheid? Toets dit 'n slag aan die volgende:

1. Wat is my beweegredes wanneer ek sekere keuses maak? Stel ek God voorop, of is dit net 'n vroom rookskerm? Hoe eerlik en deursigtig is ek teenoor die Here en teenoor myself?
2. Wat is al die keuses tot my beskikking wanneer ek besluit om uit 'n morele hoek na 'n saak te kyk? Sal die uitkomste anders wees as ek opsies voor my op morele gronde aandurf? Sal God se Naam nog meer verheerlik word? Sal ek groter vreugde en vrede in my geloof ervaar? Sal ek 'n groter seën wees vir ander mense deur my keuses?
3. Watter van my besluite word aangedryf deur immorele emosies soos haat, vrees, hoogmoed, bitterheid of woede? Watter alternatiewe paaie en gesonde morele roetes bied die Here se Woord vir my?
4. Hoe neem ek mede-gelowiges se rol in my lewe in ag? En hoe deursigtig is ek ook teenoor ander mense in my vriendekring en familie vir my keuses? Speel ek mense se insigte af as onkunde of onbegrip vir my eie omstandighede? Hoe ernstig is ek om afstand te doen van sulke donker dryfvere binne-in my, selfs al kos dit 'n duur prys?

Kies asseblief beter. Leef beter. Leef soos wat God wil hê!

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert **http://www.ekerk.org/**]

Kubergroete tot volgende keer

Hierdie is die laaste Kuberkamma vir 2019. Mag julle 'n Geseënde Christusfees en Voorspoedige 2020 beleef. Reis veilig en rus lekker!

Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com